

Verhaal



'n Vrou het stil geword van baie wag:
die aarde het gegly deur die spiraal
van dag na dag, was beurtelings groen en vaal,
en sy het soms gehuil en soms gelag.

Ook was sy dikwels wakker in die nag,
maar sy het in haar woning en op straat
gewoon gehandel en gewoon gepraat
en niemand het geweet hoedat sy wag.

Verlange word aanvaarding, langsaamaan,
want wag is beurtelings hoop en wanhoop, tot
die twee versmelt en stilte alleen bestaan.
En deur die jare het sy self die slot
van die verhaal geword: haar stilte en krag
was skoner as die ding waarop sy wag.

Digter: Elisabeth Eybers, 1915-2007

Bron: Versamelde gedigte, Em Querido 's Uitgeverij. Uitgegeven bij G.A. van Oorschot, 1995, Amsterdam.
oorspronkelijk gepubliceerd in *Verbruikersverse*, Human & Rousseau, Kaapstad 1997.

Ekstra inligting: gedigte van Eybers in <http://www.dbnl.org/auteurs/auteur.php?id=eybe001>